19.9 RAPPORT 1: DEPUTATE JEUGSORG – ALGEMENE ADMINISTRASIE EN FINANSIËLE BESTUUR (Art 164)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag* (Acta 2012:238, 2.1.1): Die jeugkantoor bly voortbestaan, om die funksies daaraan toegeken nog verder uit te bou.
Opdrag (Acta 2012:238, 2.2.1): Aan die te benoeme Deputate opdrag gegee word om voorstelle (Finansiële bestuur) verder te ondersoek en te implementeer.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Personeelaangeleenthede

1.2.1.1 Anneke van der Walt is aangestel as Kruispad-kantoor koördineerder vanaf Februarie 2012. Sy het egter haar bedanking ingedien wat effektief word vanaf einde Desember 2014. Haar pos word gevul deur sr Nicolene Pretorius as ‘n tydelike aanstelling (in afwagting op Sinode 2015).

1.2.1.2 Suzanne Coetzer, wat die pos van die Gee-jaar koördineerder vervul het, se dienste moes ongelukkig aan die einde van 2012 beëindig word, vanweë ‘n gebrek aan genoegsame inskrywings (kyk Rapport 3: Gee-jaar).

1.2.1.3 Maureen van Helden as Kruispad-bedryfshoof en redakteur van die *Kruispad*-tydskrif het gedurende 2013 bedank. Om koste te bespaar, is die pos hersien tot slegs die van redaktrise en Karin Bain is aangestel.

1.2.2 Werksaamhede van die jeugkantoor

Die volgende take word deur die Kruispad-kantoor hanteer:

1.2.2.1 Opdatering en versending van die *Kruispad*-tydskrif.

1.2.2.2 Kommunikasie met die gemeentes

1.2.2.2.1 Die Kruispad-kantoor stuur elke twee weke (behalwe vir vakansies en publieke vakansies) ‘n nuusbrief aan al die gemeentes, jeugwerkers en predikante. Die nuusbrief se inhoud bestaan uit die volgende:

1.2.2.2.1.1 Geleenthede, uitreike, kampe en projekte vir die jeug.
1.2.2.2.1.2 Gemeente aksies.
1.2.2.2.1.3 Nuus en produkte vir die jeugbediening.
1.2.2.2.1.4 Nuus van die vervolgde kerk.
1.2.2.2.1.5 Nuus van die Kruispad-kantoor.
1.2.2.2.1.6 ‘n Artikel oor iets aktueels en/of wat van toepassing is.

1.2.2.2.2 Hoewel die meeste van die artikels nog in Afrikaans is, word ernstig gepoog om ook in Engels te skryf.

1.2.2.2.3 Die doel van die nuusbrief is om kontinue kommunikasie met gemeentes te bewerk, sowel as ‘n ondersteunende bemarkingsbron vir die *Kruispad*- en *Crossroad*-tydskrifte.

1.2.2.3 Kruispad webblad

1.2.2.3.1 Die webblad is een van die belangrikste fasette van jeugbediening, omdat die jeug meer op selfone en elektroniese toestelle kommunikeer. Daarom het die Deputate Jeugsorg die Kruispad-webblad gevestig. Dit is ‘n belangrike inligtingsbron vir:

1.2.2.3.1.1 Die *Kruispad*-tydskrif, verskillende projekte van gemeentes, uitreike, kampe en ander toerustingsgeleenthede.
1.2.2.3.1.2 Die beskikbaarstelling van kamptoerusting, Bybelstudiemateriaal vir kampe (Gee-jaarbediening ingesluit), leesplanne, rekenaarprogramme, toepassings (apps) en skakels na nuttige bronne.
1.2.2.3.1.3 Fokus op multi-kulturele bediening t.o.v. die Engelse tydskrif: *Crossroad*.
1.2.2.3.1.4 Die verskeie produkte van Kruispad.

1.2.2.3.2 Die Kruispad-webblad het net vir Junie 2014 alleen ‘n rekordgetal van 13 386 besoekers gelok, wat ‘n gemiddelde van 446 persone per dag is. Vanaf Februarie 2014 tot Mei 2014 was daar reeds oor die 30 000 besoeke gewees.

1.2.2.4 Sosiale media

Sosiale media het ‘n integrale deel van die jeugbediening geword. Daarom is Facebook- en Twitterblaaie geskep om met die jeug te kommunikeer.

1.2.2.4.1 Die Kruispad Facebook-blad het tans (met die opstel van die Rapport) 1288 volgers.

1.2.2.4.2 56.6 % van die volgers is tussen die ouderdomme van 17-34, terwyl 42% tussen die ouderdomme van 35-65+ is.

1.2.2.4.3 Die meeste mense wat ons deur die Facebook-blad bereik, is in Suid-Afrika, maar ons bereik ook mense in Namibië, Australië, Nederland, Engeland, Amerika, Nieu Seeland, Kanada en Ierland.

1.2.2.4.4 Die hoofdoel hiermee is om geloofsgemeenskap tussen mense te bou. Hierdeur word die multi-kulturele aard van die GKSA-jeug ook bereik, vgl bande met die Reformed Church Youth Movement (RCYM), Vaal Facebook groep (jeuggroep van die swart gemeentes).

1.2.2.5 Bemarking van Kruispad-bedieninge (Tydskrif, aksies, toerustingsmateriaal, ens)

1.2.2.5.1 Verskeie plekke en geleenthede is besoek om bemarking te doen vir Jeugsorg aktiwiteite (Kruispad: Jeugbedieninge, Kruispad-tydskrif, Kruispad projekte en Gee-jaar). By hierdie geleenthede is ook bemarking vir die *Almanak*, *Vroueblad*, *Kerkblad* en *Slingervel* gedoen.

1.2.2.5.2 Die volgende is besoek: Cachet-eerstejaarskampe, Brooklyn-eerstejaarskampe, Stellenbosch-eerstejaarskampe, Visiekamp, Frankfort Riviertoer, Riviertoer vir jongwerkendes, Avontuurkamp, Boland Rivier-/Seekamp, Boknes-jeugkamp, Wwesskamp, Interdopperkamp, Griekwaland-weskamp, Nooitgedacht Skolieskamp, Mootkamp, Mootkamp Lite, Aros opedae en lentedae, Kwa-Thema Youth conference, East-London Youth conference.

1.2.2.6 Navorsingprojek

Die Jeugdeputate is uitgenooi om deel te neem aan ‘n navorsingsprojek oor jeugbediening in samewerking met die NGK en Hervormde Kerk. Met die opstel van hierdie Rapport was die proses nog besig om geformaliseer te word.

1.2.3 Finansiële bestuur (kyk Acta 2012:255, 2.1-2.4)

Al die finansiële verpligtinge wat deur die Jeugdeputate aangegaan is, is volgens ‘n goedgekeurde begroting en in samewerking met die Administratiewe Buro gedoen. Die volgende aksiestappe is gedoen om finansiële besparings toe te pas:

1.2.3.1 Die Kruispad bedryfspos is nie gevul nie, maar slegs die redakteursgedeelte daarvan.

1.2.3.2 Met dankbaarheid word gerapporteer dat die verpligte kollektes van gemeentes ‘n totale bedrag van R444 642.38 beloop het vir die afgelope termyn.

1.2.3.3 Om bestaande skuld af te werk, is besluit om twee derdes van die jaarlikse surplusse van Jeugsorgfondse na Gee-jaar en Kruispad te gekanaliseer. Daar is reeds ‘n bedrag van R429 504 deur die Deputate afgewerk (kyk aangehegte finansiële state).

1.2.3.4 Wat die tydskrif se koste betref, is die volgende besparingsmaatreëls geïmplementeer:

1.2.3.4.1 Goedkoper grafiese ontwerper is aangestel.

1.2.3.4.2 Goedkoper drukkers en papier is gebruik, sonder om kwaliteit in te boet.

1.2.3.4.3 Vermindering van salaris van redakteur is geïmplementeer.

1.2.3.4.4 Vermindering van die hoeveelheid komplimentêre uitgawes.

1.2.3.4.5 Vermindering van hoeveelheid ekstra kopieë.

1.2.3.4.6 Eenheidskoste verminder gevolglik van R58.03 na R44.04.

1.2.3.4.7 Prysverhoging na R29,95 per uitgawe in die nuwe finansiële boekjaar word geïmplementeer (Julie 2014-Junie 2015).

1.2.3.5 Die aanvanklike wyse van aanbieding van Gee-jaar is gestaak weens ‘n te kort aan studente en die hoë koste daaraan verbonde. In die lig hiervan is die voltydse pos van Gee-jaar koordineerder afgeskaf.

1.2.3.6 Daar is besluit om die Jeugsorg webblad by die GKSA webblad te inkorporeer om verdere kostes te bespaar.

1.2.3.7 Gesamentlike Jeugdeputate vergaderings is beperk tot een per jaar om fondse te bespaar. Ander vergaderings is per e-pos hanteer.

1.2.4 Jeugsorg bates

1.2.4.1 Met groot dank word gerapporteer dat die Gereformeerde Kerk Benoni ‘n Volkswagen bussie en ‘n sleepwaentjie vir gebruik deur jeugsorg geskenk het. Die bussie word ook beskikbaar gestel teen koste vir ander Gereformeerde gemeentes en Deputategroepe.

1.2.4.2 Met die afskaf van die voltydse Gee-jaar aanbieding is die meublement en rekenaars beskikbaar gestel vir gebruik deur Teologiese studente en die Administratiewe Buro.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.4.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die Jeugkantoor, personeel en finansiële bestuur soos gerapporteer in die verslag.

2.2 Die Sinode keur goed dat:

2.2.1 Die werksaamhede van die jeugkantoor bly voortgaan om sy goedgekeurde funksies uit te voer (soos vervat in 1.2.2-1.2.2.5).

2.2.2 Deputate Jeugsorg deel bly van die navorsingsprojek (kyk 1.2.2.6).

2.2.3 Daar voortgegaan word met die finansiële bestuur soos gerapporteer (vervat in 1.2.3).

2.2.4 Dat een kollekte per jaar steeds afgestaan word vir Deputate Jeugsorg.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.4 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).